

PERSVERKLARING

SARS NOOI DIE PUBLIEK OM INSETTE TE LEWER OOR 'N NUWE DIGITALE BTW-MODEL OM BTW-ADMINISTRASIE TE MODERNISEER

Pretoria, 17 Augustus 2026: SARS streef na 'n toekoms waarin belasting vir die meeste belastingpligtiges net gebeur deur data en tegnologie in te span. Met die oog hierop, en na aanleiding van die besprekingsdokument oor BTW-modernisering van 2023, stel die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) graag die konsultasiedokument oor BTW-modernisering vir openbare raadpleging en kommentaar beskikbaar en doen 'n beroep op alle belanghebbendes wat geraak word of 'n belang daarby het om by te dra tot 'n moderne, deursigtige en doeltreffende BTW-administrasiestelsel in Suid-Afrika.

Die terugvoer op die besprekingsdokument oor modernisering van 2023 het die koers vir BTW-modernisering aansienlik help vorm, en ons bedank alle belanghebbendes vir hul waardevolle insette. Ons het hierdie insette ingewerk, aansienlike vordering sedert ons aanvanklike standpunt gemaak en beste praktyke van ons eweknieë, asook dié wat uit konsultasies deur multilaterale organisasies voortgespruit het, ingesluit. Hierdie konsultasiedokument weerspieël dus 'n deeglik-nagevorste en inklusiewe proses wat belanghebbendes se kommentaar en voorstelle, internasionale beste praktyk en die deurlopende verfyning van die voorstelle vir BTW-modernisering in ag neem.

Die konsultasiedokument sit 'n voorgestelde digitale BTW-model uiteen wat e-fakturering, 'n tussenwerkbaarheidsraamwerk en e-verslagdoening saamvoeg om BTW-administrasie vir die ekonomie te herposisioneer, nakomingsverpligtinge te verlig en toesig te versterk. Die voorstelle vorm deel van SARS-modernisering 3.0 en het ten doel om die veilige, gestruktureerde en byna intydse vloei van BTW-transaksiedata regdeur die BTW-waardeketting moontlik te maak.

Die transformasie sal 'n langtermynverskuiwing na digitaal gedrewe, deursigtige en veerkragtige BTW-administrasie moontlik maak. Vir belastingpligtiges beteken dit 'n eenvoudiger, meer voorspelbare ervaring wat minder inspanning verg en groter sekerheid bied, waarin "belasting net gebeur".

SARS Kommissaris dr. Johnstone Makhubu het gesê die vrystelling van die konsultasiedokument is 'n belangrike mylpaal in die modernisering van Suid-Afrika se BTW-administrasiestelsel.

"BTW-modernisering is 'n groot stap in die hervorming van die wyse waarop BTW in Suid-Afrika geadministreer word. Dit het ten doel om ons te laat wegbeweeg van 'n stelsel wat steeds te afhanklik is van handprosesse en verifiëring agterna, na een waarin BTW-nakoming

deel word van die stelsels wat ondernemings reeds elke dag gebruik. SARS glo dat hierdie modernisering van dienslewering die las op ondernemers wat aan hul verpligtinge voldoen, sal verminder, nakoming sal versterk en die inkomste sal beskerm wat nodig is om Suid-Afrika se ontwikkelingsprioriteite te finansier.”

Hy het bygevoeg dat die voorgestelde digitale BTW-model daarop gemik is om praktiese voordele vir sowel SARS as BTW-ondernemers te bied. Vir SARS sal die veilige deling van betroubare BTW-transaksiedata na verwagting duideliker insig in BTW-transaksies, meer akkurate en betroubare data, sterker risikogebaseerde nakomingstoetsing en ’n verbeterde vermoë bied om bedrog op te spoor en daarop te reageer en die BTW-nakomingsgapings te verklein.

BTW-ondernemers sal na verwagting baat vind by ’n eenvoudiger, meer voorspelbare nakomingservaring, minder administratiewe moeite en laer koste, duideliker insig en vinniger, doeltreffender hantering van BTW-inligting. Die breër ekonomie kan ook baat vind by verbeterde datagehalte, minder duplisering, betroubare digitale uitruiling tussen ondernemings, diensverskaffers en SARS, eenvoudiger sakeprosesse, meer vaartbelynde handel, pogings om die BTW-nakomingsgapings te verklein en ’n deursigtiger en meer betroubare belasting-ekostelsel.

“Ons vra praktiese, bewysgebaseerde insette om te verseker dat die finale benadering prakties, uitvoerbaar en geskik vir Suid-Afrika se ekonomiese werklikhede is. Indien dit goed gedoen word en belanghebbendes insette van hoë gehalte lewer, kan hierdie werk BTW-administrasie aansienlik moderniseer tot voordeel van ondernemers, die ekonomie en die fiskus. Die langtermynvooruitsig is ’n BTW-stelsel waarin belastingnakoming ’n geïntegreerde deel van gewone sakebedrywighede word. Ons het dit egter eens dat dit in oorleg met belanghebbendes ontwikkel moet word sodat die finale model veilig, inklusief en in lyn met Suid-Afrika se behoeftes is. Die moderniseringsproses verteenwoordig ’n paradigmaverskuiwing in die gebruik van data en bevorder SARS se visie om ’n slim, moderne SARS te bou.”

Die konsultasiedokument beklemtoon dat die voorgestelde digitale BTW-model deur middel van ’n gefaseerde en raadplegende benadering geïmplementeer sal word. Terugvoer van belanghebbendes sal help om beleidskeuses, die tegniese ontwerp, die volgorde van implementering, gereedheidsvereistes, koste, risiko’s, voordele, bestuursreëlings, standaarde en beskermingsmaatreëls te vorm. Hierdie dokument is dus die begin van ’n langtermynhervorming van die BTW-ekostelsel.

SARS doen 'n beroep op alle belanghebbendes wat geraak word of 'n belang daarby het om die konsultasiedokument te bestudeer en teen **16 Oktober 2026** skriftelike kommentaar in te dien.

Die konsultasiedokument is op die SARS-webwerf beskikbaar:

<https://www.sars.gov.za/vat-modernisation-consultation-paper-august-2026/>

Kommentaar moet deur middel van die terugvoermeganisme wat in die konsultasiedokument voorsien word, ingedien word.

Vir verdere inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE